SA Media - The University of the Free State

Page: 1

Source: LANDBOUWEEKBLAD

Date: 22-Aug-2003

Topic: 19

Ref No: 4589

1

ID: 02984654-01

Source Page: 87

# 'Hou taks op landbougrond baie laag'

■ Deur JOHAN FOUCHÉ

Dit maak sin om landbougrond in 'n nuwe eiendomsbelastingbedeling anders as ander eiendom te behandel, sê prof. Johann Kirsten van die Universiteit van Pretoria se departement landbou-ekonomie, voorligting en landelike ontwikkeling.

Hy het in 'n voorlegging aan die Parlement se portefeuljekomitee vir provinsiale en plaaslike regering gesê landbougrond behoort glad nie, of teen 'n marginale koers van sowat 0,1 % op die verbeterde waarde van die grond belas te word – gewasse, wingerde en boorde uitgesluit – om in pas met die land se grootste handelsvennote en mededingers te wees.

Hy twyfel of die koste van grondwaardering en die insameling van belastings, teen 'n koers wat nie die landbousektor ernstig sal knou nie, dit hoegenaamd vir stadsrade die moeite werd sal maak om eiendomsbelasting op landbougrond te hef.

Prof. Kirsten sê die meeste van die voorleggings wat uit landbougeledere oor die Wetsontwerp op Munisipale Eiendomsbelasting aan die komitee gedoen is, bevat geldige argumente oor die gevolge wat eiendomsbelasting op die landbou kan hê.

Hy glo enige belasting op landbougrond sal die lae beleggingsopbrengs op landbougrond verder verlaag. 'n Koers van meer as 0,5 % sal 'n beduidende nadelige uitwerking op grondwaarde hê. Verskeie doelwitte van die Strategiese Plan vir SA Landbou kan benadeel word, onder meer om meer welvaart in die landbou en plattelandse gebiede te skep, volhoubare werkgeleenthede te vermeerder en boerdery-inkomste te verhoog.

Prof. Kirsten sê die landbou is nie net verantwoordelik vir voedselproduksie, werkskepping en buitelandse valuta nie. Dit vervul rolle, soos omgewingsbewaring, die bevordering van toerisme en die lewering van maatskaplike dienste aan werkersgemeenskappe. Daar kan geredeneer word dat pleks van om die landbou verder te belas, die gemeenskap eerder die landbou moet betaal vir hierdie gratis dienste, sê hy.

Mnr. Yunus Carrim, voorsitter van die komitee, sê hy dink nie die ANC sal toelaat dat boere glad nie eiendomsbelasting betaal nie, maar hy meen die party sal simpatiek wees oor 'n voorstel dat eiendomsbelasting van inkomstebelasting afgetrek word.

*('n Volledige verslag oor die voorlegging verskyn aanstaande week.)*